



AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n Antwoordboekie van 4 bladsye in die middel van die vraestel. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Verwyder die Antwoordboekie uit die middel van jou vraestel. Skryf dadelik jou eksamennommer op die los Antwoordboekie. Onthou om die Antwoordboekie saam met jou antwoordboek in te handig.

3. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS.

Afdeling A Letterkunde (60 punte)

Afdeling B Transaksionele skryfwerk (40 punte)

4. Beantwoord slegs EEN voorgeskrewe werk in AFDELING A.

Vraag 1 – 4: *Lien se Lankstaanskoene* – Derick van der Walt

OF

Vraag 5 – 8: *Die Verdwyning van Mina Afrika* – Zuretha Roos



5. Beantwoord ALBEI afdelings.
 6. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
 7. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
 8. Nommer jou antwoorde soos op die vraestel.
 9. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
 10. Handig asseblief hierdie vraestel in.
-

AFDELING A LETTERKUNDE

INSTRUKSIES VIR AFDELING A

1. Beantwoord SLEGS die vrae oor die voorgeskrewe werk wat JULLE BEHANDEL het.
2. Beantwoord AL VIER vrae oor jou voorgeskrewe werk.
3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy.
4. Beantwoord **Vraag 3** (*Lien se Lankstaanskoene*) of **Vraag 7** (*Die verdwyning van Mina Afrika*) in die los Antwoordboekie.
5. Beplan jou antwoorde eers deeglik voordat jy jou finale antwoord neerskryf.
6. Doen die beplanning van jou antwoord op die linkerkantse bladsy. Skryf die opskrif: BEPLANNING boaan. (NB: **Jou beplanning in hierdie afdeling word nié bepunt nie – dit is slegs om jou te help om die antwoord goed te formuleer.**)
7. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag.
8. **Skryf die getal woorde aan die einde van elke vraag neer.**

VOORBEELD:

<p>BEPLANNING</p> <p>(linkerkantse bladsy)</p>  <p>(Moenie te veel tyd aan die beplanning bestee nie)</p>	<p>VRAAG 1</p> <p>(regterkantse bladsy)</p>  <p>Bv. 205 woorde</p>
---	--

LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt

Daar is VIER vrae oor hierdie roman gestel. Beantwoord AL VIER vrae.

VRAAG 1

Lees die onderstaande uittreksel en voer dan die opdrag uit.

Sy dink lank aan Christiaan toe sy die aand in haar bed lê. Christiaan die village idiot. Hy het onverwags die paspoort na haar vryheid geword.



1.1 Beantwoord die volgende vrae:

1.1.1 Watter leiersposisie het Christiaan by die skool gehad en waarom het dit Lien gehelp? (2)

1.1.2 Watter verskoning het Lien gebruik omdat sy nie sekere dae by die skool was nie? (1)

1.1.3 Behalwe Christiaan, het ander kinders by die nuwe skool vir Lien op hulle eie manier gehelp. Noem telkens een manier waarop die volgende karakters haar gehelp het:

- Miemie
 - Sally
 - Hein
- (3)

1.1.4 Noem 3 maniere waarop Lien se werk by Millennium Creations vir Braam gehelp het. (3)

1.2 Skryf 'n paragraaf (nie meer as 80 woorde nie) waarin jy die lewens van Miemie en Lien vergelyk. Noem twee ooreenkomste en een verskil.

Inhoud (4 punte)

Taal (2 punte)

(6)
[15]

VRAAG 2

Lees die onderstaande uittreksel oor **Roos** en voer dan die opdrag uit.

"Wat het van jou man geword?" vra Lien versigtig vir Roos. Roos skeur 'n pakkie chocolate-chipkoekies oop wat sy sopas by Spar gekoop het en hou dit vir Lien.

Regdeur die verhaal is daar karakters wat swaarkry, maar daar was altyd helpende hande wat hulle lewens help verbeter het.

- 2.1 2.1.1 Noem twee redes vir die verandering in Roos se vroeë lewensomstandighede. (2)
- 2.1.2 Watter negatiewe invloed het dit op haar en haar dogter gehad? (2)
- 2.2 Tibbey se ongeluk was 'n groot tragedie, maar baie mense in die verhaal het Tibbey na die ongeluk gehelp.
- Gee voorbeelde om aan te dui watter hulp elkeen van die onderstaande mense aan Tibbey verleen het. (*Die antwoorde mag kort sinnetjies wees.*)
- Johnny (een voorbeeld)
 - Mnr. Morkel (een voorbeeld)
 - Hein (twee voorbeelde)
 - Lien (twee voorbeelde) (6)
- 2.3 Tannie Bets het vir Lien en Braam op baie maniere gehelp. Noem **puntsgewys** vyf maniere waarop Tannie Bets hulle gehelp het of vir hulle gesorg het. (5)
- [15]

VRAAG 3

Lien se lewe was die afgelope ruk glad nie aangenaam nie. Sy en Miemie gesels oor Lien se lewe.

Opdrag:

Voltooi die gesprek tussen Lien en Miemie in die Antwoordboekie deur Lien se woorde in te vul. Hou by die voorgeskrewe teks wanneer jy hierdie vraag beantwoord.

Hierdie vraag verskyn in die Antwoordboekie.

[10]

VRAAG 4


Opdrag:

*Soos ons almal, het die karakters in **Lien se Lankstaanskoene** hulle eie drome, hoop en aspirasies vir hulle eie toekoms. Hulle doen dinge om hierdie drome, hoop en aspirasies te bewaarheid, maar daar is ook aspekte wat hierdie drome, hoop en aspirasies moeilik maak.*

Skryf 'n opstel van 250 – 300 woorde oor hulle drome, hoop en aspirasies.

Gebruik die ideekaart hieronder. Volg die pyltjies om jou antwoord te formuleer. Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word. Jou opstel moet 'n inleiding en slot (slotsom) hê.

Onthou om die woordtelling aan die einde neer te skryf, bv. 295 woorde.



Assessering: 4 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel waarin die taal en styl korrek is en die gedagtes logies vloei.

(4)
[20]

60 punte


DIE VERDWYNING VAN MINA AFRIKA – Zuretha Roos

Oor hierdie roman is VIER vrae gestel. Beantwoord AL VIER vrae.

VRAAG 5

Lees die onderstaande uittreksel en voer dan die opdrag uit.

Die kind spook by haar: die melkwy gesiggie wat eendag seker sproetenes sy pa sal ontwikkel en daardie blou ogies wat nooit soos ander bruin babas s'n, donkerder sal word nie.



5.1 Beantwoord die volgende vrae:

- 5.1.1 Waarom het Mina gevoel sy sal nie die baba kon grootmaak nie? Gee twee redes daarvoor. (2)
- 5.1.2 Wat het gebeur toe die White-susters van die baba uitgevind het? (1)
- 5.1.3 Wat was Dylan Apollis se gevoel vir die baba? Gee twee redes daarvoor. (3)
- 5.1.4 Sara de Graaff, Erik de Graaff en Sêra Adams was soos ouers vir Mina. Gee 'n voorbeeld van hoe elk van hierdie mense haar gehelp het. (3)

5.2 Skryf 'n paragraaf (nie meer as 80 woorde nie) waarin jy die verhouding tussen Julie en Dylan met die verhouding tussen Julie en Deon vergelyk. Gee twee verskille en een ooreenkoms.

Inhoud (4)

Taal (2)

(6)
[15]

VRAAG 6

Lees die onderstaande uittreksel, die inligting daarna en voer dan die opdrag uit.

Die drang om die kind van Sara se skoot op te raap en teen hom vas te druk, net om die babalyfie te voel, maak dat hy hom vinnig omdraai en wegstap.

Daar was dinge wat dit vir die De Graaff-gesin moeilik gemaak het om Mina aan te neem. Dit was dus moeilik vir hulle om Mina hul eie kind te maak.

- 6.1 Gee twee redes waarom dit vir die De Graaff-gesin nie maklik was om Mina aan te neem nie. (2)
- 6.2 Waarom wou Sara de Graaff baie graag die kindjie aanneem? Gee twee redes. (2)
- 6.3 Mina se verkragting was 'n groot tragedie. Baie karakters in die verhaal het Mina **na die voorval gehelp**.
Gee voorbeelde om aan te dui wat elkeen van die onderstaande persone gedoen het om Julie te help. (*Die antwoorde mag kort sinnetjies wees.*)
- Sara de Graaff (een voorbeeld)
 - Deon (een voorbeeld)
 - Dylan Apollis (twee voorbeelde)
 - Sêra Adams (twee voorbeelde) (6)
- 6.4 Tietser Meraai en Juffrou Lubbe het Mina op verskeie maniere gehelp. Noem **puntsgewys** altesaam vyf maniere hoe Tietser Meraai en Juffrou Lubbe haar gehelp het. (5)
- [15]**

VRAAG 7

Mina se lewe was die afgelope ruk glad nie aangenaam nie. Sy en Piet het oor haar ervaringe gesels.

Opdrag:

Voltooi die gesprek tussen Mina en Piet in die Antwoordboekie deur Mina se woorde in te vul. Hou by die voorgeskrewe teks wanneer jy hierdie vraag beantwoord.

Hierdie vraag verskyn in die Antwoordboekie.

[10]

VRAAG 8


Opdrag:

Soos ons almal, het die karakters in **Die verdwyning van Mina Afrika** hulle eie drome, hoop en aspirasies vir hulle eie toekoms. Hulle doen dinge om hierdie drome, hoop en aspirasies te bewaarheid, maar daar is ook aspekte wat hierdie drome, hoop en aspirasies moeilik maak.

Skryf 'n opstel van 250 – 300 woorde oor hulle drome, hoop en aspirasies.

Gebruik die ideekaart hieronder. Volg die pyltjies om jou antwoord te formuleer. Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word. Jou opstel moet 'n inleiding en slot (slotsom) hê.

Onthou om die woordtelling aan die einde neer te skryf, bv. 295 woorde.



Assessering: 4 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel waarin die taal en styl korrek is en die gedagtes logies vloei.

(4)
[20]

60 punte

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord ALBEI vrae in hierdie afdeling.
2. Elke vraag moet op 'n nuwe bladsy beantwoord word.
3. Beplan jou antwoorde eers deeglik voordat jy jou finale antwoord neerskryf.
4. Doen die beplanning van jou vraag op die bladsy aan die linkerkant. Skryf die opskrif: **BEPLANNING** boaan.
5. Skryf die vraagnommer boaan jou finale antwoord, bv. **VRAAG 9**.

VOORBEELD:

BEPLANNING (op die linkerkantse bladsy)	VRAAG 9 (op die regterkantse bladsy) (Woordtelling)
---	--

LET WEL:

Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

- kennis van vereistes van die skryftaak
- interpretasie van die opdrag
- inhoud en idees
- register en toon
- taalgebruik
- beplanning

VRAAG 9 DIALOOG

Twee tieners gesels oor hul ouers en die reëls en regulasies wat hulle in die huis het. Die een kind se ouers is baie streng en die ander kind se ouers is nie so streng nie. Albei dink dat hulle ouers reg is.



Skryf die gesprek tussen die twee tieners waarin hulle die verskille bespreek in 150 – 200 woorde neer.

Onthou die volgende:

- Die een tiener se ouers is baie streng.
- Die ander tiener se ouers is nie so streng nie.
- Albei voel hulle ouers is reg. Gee redes en voorbeelde.

[30]

VRAAG 10 E-POS

Jy is op soek na inligting oor 'n moontlike kursus of studierigting wat jy oorweeg om in die toekoms te doen.

Opdrag:

Stuur 'n e-pos aan 'n kollege of universiteit of ander tersiêre instansie waarin jy hulle uitvra oor die kursus.

Onthou ...

- Jy wil uitvind of die kursus aangebied word of nie.
- Jy wil vasstel hoeveel die kursus kos en hoe lank dit is.
- Jy wil weet watter ander vereistes daar is.

Die inhoud van jou e-pos moet 50 – 80 woorde lank wees. Beplan die inhoud voordat jy dit neerskryf.

[10]

40 punte

Totaal: 100 punte